# Geïntegreerdheid van die psalms volgens die verband tussen Psalm 1 (en 2) en die res van die psalms

J.L. Helberg
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: jaapjlh@absamail.co.za

**Abstract**

**Integrality of the psalms according to the relation between Psalm 1 (and 2) and the rest of the psalms**

*The article explores views about the unity of the psalms and, as the author's own approach, focuses especially on the need of the psalmist(s) not to be estranged. Simultaneously the place of trust in the psalms as well as that of the Torah/Law/Word of the Lord is scrutinised. The Torah requires on the one hand that one must distance oneself from an erroneous way of life, like disregarding God's will and righteousness and on the other hand that one associates with a covenantal circle or community. The integrality of the psalms, like that of life, is rooted in the Torah of Yahweh, in close connection with the covenant.*

**Opsomming**

**Geïntegreerdheid van die psalms volgens die verband tussen Psalm 1 (en 2) en die res van die psalms**

*In hierdie artikel word gekyk na standpunte oor die eenheid van die psalms en die outeur se eie benadering word veral toegespits op die psalmdigters se behoefte om nie 'n vervreemde mens te wees nie. Terselfdertyd word die plek van vertroue in die psalms asook die plek van die Tora, Wet of Woord van die Here noukeurig ondersoek. Die Tora vra enersyds dat 'n mens jou distansieer van 'n verkeerde lewenshouding, soos dié wat God se wil en geregtigheid minag, en andersyds dat 'n mens assosieer met 'n verbondskring of -gemeenskap. Die geïntegreerdheid van die psalms, net soos*

*ware geïntegreerdheid van die lewe, wortel in die Tora van die Here, in noue verhouding met die verbond.*

## 1. Inleiding: eenheid/geïntegreerdheid en die probleem in die psalms

Vir lank het histories-kritiese benaderings wat hoofsaaklik geïnteresseerd is in onderdele, die Ou-Testamentiese studieveld oorheers. Hierin het daar 'n verandering gekom. McCann (1992:117) wys op die ongenoegsaamheid van vorm-kritiese en kultus-funksionele metodes, hoe opwindend en produktief hulle resultate ookal was en nog is, en Zenger (2000:399-416) toon die ongenoegsaamheid van Gunkel en Mowinckel se benaderings in hierdie verband aan. Kratz (1996:28) asook Seybold (1998:67) oordeel wel tereg dat hierdie nuwe benadering nie die bestaande metodes van eksegese van onderafdelings oorbodig maak nie. Laasgenoemde wys ook op subjektiewe benaderings in verband met die navolg van 'n diakroniese en sinkroniese benadering van die psalms.

Daar is 'n groeiende belangstelling in die eenheid van die Ou Testament as geheel asook in dié van die onderskeie boeke. Hiervan getuig veral Childs (1979) se *Introduction to the Old Testament as Scripture*. Die fokus op die eenheid geld ook vir die boek Psalms (Childs, 1979:511-523). Titels van boeke en tydskrifte getuig ook van hierdie eenheidsfokus, soos die volgende, om maar 'n paar te noem: *Bounded by obedience and praise: the Psalms as canon* (Brueggemann, 1991a); *The shape of the book of Psalms* (Wilson, 1992); *The shape and shaping of the Psalter* (McCann, *ed*., 1993); *Die Psalms as samehangende boek* (vgl. Zenger, 2000:408). In *Reading the Psalms as a book* gee Whybray (1996:18-30) 'n kritiese oorsig oor die benaderings van verskillende teoloë hieroor, soos byvoorbeeld dié van Westermann, Childs, Reindl, Wilson, Alter, Mays, Brueggemann, McCann, Smith, Murphy, Miller en Millard; vergelyk ook Crenshaw (2001:1, 8-40) oor verskillende menings aangaande die proses van die samestelling van die Psalmbundel, en Styger & Human (2004:291-310) oor Wilson se navorsing oor die samehang van die Psalmbundel.

Daar is 'n byna algemene konsensus onder teoloë dat Psalm 1 doelbewus aan die begin van die psalmbundel geplaas is (McCann, 1992:118). Miller (1986:85-86; 1993:84-92) redeneer oortuigend dat Psalm 1 'n inleiding tot die psalms is – 'n beskouing wat trouens byna algemeen aanvaar word (Wilson, 1992:132).

Die huidige belangstelling geld nie noodwendig die oorspronklike eenheid van die psalmbundel nie, maar 'n huidige, saamgestelde eenheid. Die boodskap van 'n psalm moet daarvolgens nie net nagevors word volgens die psalm self nie, maar ook binne sy onmiddellike en wyere konteks in die huidige bundel (vgl. byvoorbeeld Zenger, 2000:416, 419, 430).

Mays (1993:20) aarsel oor die uitvoerbaarheid van so 'n kontekstuele benaderingsmetode naas ander metodes, en Murphy (1993a:27, 28) pleit vir kontinuïteit met die literêr historiese betekenis, met laasgenoemde as basiese norm. Wilson (1993:50) stel dat vordering om die doelgerigte rangskikking van die psalms in die psalmboek te verstaan, moet begin met 'n gedetailleerde en versigtige analise van die taalkundige, literêre en tematiese verbintenisse wat in die psalms vasgestel kan word

Brueggemann (1991a:64-68) sien die eenheid van die psalms in gehoorsaamheid en lofprysing. Hy toon 'n beweging in vertroue en vertwyfeling aan tussen die begin en die einde van die psalmbundel en bespreek veral Psalm 1, 25, 103 en 73. Aan die einde van elk van die vyf bundels (Ps. 1-41; 42-72; 73-89; 90-106; 107-150) is daar lofprysing. In die laaste psalms trek die lofprysing in 'n klimaks saam en elkeen begin met "halleluja", dit wil sê, "Loof die Here" (Ps. 146-150).

Hierdie artikel is ook op die eenheid van die psalms gerig en, soortgelyk aan die benadering van Brueggemann, vanuit 'n inhoudelike teologiese hoek bekyk. Verder word die saak hier benader vanuit die verhouding tussen Psalm 1 (en 2) en die res van die psalms. Aangesien Psalm 1 deur die meeste Ou-Testamentici as inleiding tot die psalms gesien word, is dit belangrik om na hierdie psalm se verhouding tot die ander te kyk. Verder moet Psalm 2 ook betrek word, omdat baie geleerdes meen dat hierdie psalm saam met Psalm 1 die inleiding tot die psalms vorm.

Volgens Ridderbos (1955:9-10) is die mees deugdelike grond vir Psalm 1 en 2 as inleiding tot die psalmbundel hulle inhoud. Die bundel word geopen deur twee psalms, wat onderskeidelik die Wet en die Messiaanse heilsbelofte verteenwoordig. Die inhoud van die hele Skrif, en dus ook van die psalmbundel, kan omskryf word as Wet en evangelie – laasgenoemde het dieselfde inhoud as die "belofte". Liedke/Petersen (1976:1039) toon aan dat *Tora* in Psalm 1 nie nomisties opgeneem moet word nie, want *Tora* is hier die lewegewende wilsuiting van Jahwe, en die mens se instelling daaromtrent is lus en vreugde. Prinsloo (1984:9) is oortuig dat

Psalm 1 as geheel té fyn gestruktureer is en dat die inhoud van die twee psalms te veel van mekaar verskil om saam ’n inleiding te vorm. (Vgl. punt 5 hieroor.)

’n Oorsigtelike lees van die psalms wys dat hulle veral te doen het met die regverdiges se probleem om in vertroue in die Here te volhard, aangesien die werklikheid vir die gelowige vol vyandskap en onreg is. Dit lyk vir baie psalmdigters of vyandskap die oorhand in ’n mens se bestaan het. Die psalms is vol verwysings na vyande (Ps. 2, 3, 4, 5, 6, 7, ensovoorts – te veel om op te noem). Wat die inleiding betref, praat Psalm 2 uitdruklik en Psalm 1 implisiet van vyandskap (“goddeloses … sondaars … spotters”, 1:1). Volgens Coetzee (1999:402; vgl. ook Holladay, 1993:12) vorm eer en skande die basis van die gebedsretoriek in die Ou Testament. Ook dít hang ten nouste saam met vyandskap.

Hierdie artikel wil, in aansluiting by Psalm 1 (en 2), aan die volgende aandag gee: hoe die psalmdigters deur die harde werklikheid van onreg in hierdie wêreld bedreig word om ’n prooi te word van vyande en gevolglik van vervreemding. Samehangend hiermee sal ook aandag gegee word aan die rol van die volgende: die vertroue van die psalmdigters, die Tora van die Here, oorgawe en diens, en verbondsgemeenskap.

## 2. Die plek van Psalm 1 (en 2) en die psalms in hul verband met die *Tora*

By die benadering van die psalms as ’n eenheid het Psalm 1 as inleidingspsalm, en ook die ander psalms oor die *Tora* (Ps. 19 en 119) ’n belangrike plek. Mays (1987:3, 10) wys daarop dat hierdie psalms in die gevestigde kritiese benaderings nie maklik ingepas het by die aanvaarde genres of in die voorgestelde orde van feeste in ou Israel nie, en dus beskou is as die laaste psalms – eintlik die oorskietpsalms. Die situasie verander egter drasties wanneer die rigting van die analise omgekeer word deur met hulle te begin en hulle binne die boek te bekyk en die boek deur hulle te bekyk. Sodoende word die *Tora* (wil) van God en die koningskap van God, en veral sy eskatologiese koningskap, die beheersende faktor(e).

Reindl (1981:337-338) stel dat die plasing van Psalm 1 voorop in die psalms wys dat die indiwiduele psalms nou nie meer in isolasie gelees moet word nie, maar binne die konteks van die hele psalmbundel (vgl. ook Loretz, 2002:14). Die psalms word hierdeur nie meer by ’n bepaalde kultiese geleentheid gesing nie, maar as Jahwe se *Tora* gelees, met ywer bestudeer en binne die konteks

van die *Tora* bekyk. Die psalms word dus van hul situasie-gebondenheid losgemaak. Die oorspronklike (voor-ballingskapse) *Sitz im Leben* verbleek (nie verdwyn!) voor die nuwe *Sitz im Leben* wat die psalms verkry het.

Whybray (1996:118-124) het die verskillende voorgestelde moontlikhede ondersoek waarvolgens ’n proses van herinterpretasie van die psalmbundel sou kon plaasgevind het. Sy konklusie is dat Israel se aanbidding gedurende die na-ballingskapse tyd ongetwyfeld groot veranderings ondergaan het, maar dat die besonderhede hiervan geleerdes ontwyk. ’n Klein aantal psalms is aan die bundel toegevoeg of is as teks vir sodanige doeleindes aanvaar, maar slegs sporadies. Daar is geen aanduidings dat ’n sistematiese en doelgerigte redaksie van die psalmbundel as geheel op die voorgestelde maniere plaasgevind het nie. As daar herinterpretasie plaasgevind het van dinge wat die leser uitgedien of aanstootlik gevind het, dan moes dit “stil” plaasgevind het, soos wat die leser geworstel het om die psalmbundel vir latere geslagte relevant te maak – of soos wat die kerk of sinagogale tradisie later geworstel het om dit te doen. Whybray (1996:120) sê verder dat die meeste suiwer wysheids- en *Tora*-psalms nie geplaas is op ’n plek wat ’n omvattende redaksionele bedoeling veronderstel nie. Psalm 73 se plasing in die middel van die bundel, mag wel in ’n laat stadium in die redaksie van die boek die belangrikheid van die wysheidsteologie beklemtoon het. Verder mag die insluiting van Psalm 119, wat weens sy buitengewone lengte en sy inhoud as buitengewoon belangrik aangedui word, die belangrikheid van *Tora*-teologie beklemtoon.

Oor Psalm 1 sê Whybray (1996:41, 120-121) dat dit moontlik verkeerd is om hierdie psalm te beskou as ’n “inleiding” tot die psalmbundel wat bedoel is om die leser te motiveer om die hele boek deur “’n hermeneutiese bril” te lees, soos wat deur Wilson voorgestel word. Tog oordeel Whybray dat hierdie psalm ongetwyfeld deur ’n redakteur eerste geplaas is, om sy oortuiging tuis te bring dat die bepeinsing van die *Tora* die onmisbare manier is om goddelike seën te verkry, soos dit ook uitgedruk word in Psalm 119.

Whybray (1996:39) oordeel ten regte dat die bepeinsing bepaald vir die *Tora* geld en nie die psalmbundel nie. Dit blyk byvoorbeeld daaruit dat die woord *Tora* nooit in die Ou Testament vir enige substansiële geskrewe stuk behalwe die Wet van Moses, gebruik word nie. Die kern van die *Tora* is en bly die Godsreg wat deur Moses bemiddel is (Mal. 3:22; Kraus, 1972:4).

Hierdie stelling stem ook ooreen met die bevinding van Childs (1979:513). Hy wys daarop dat die parallelle met Deuteronomium 30 en Josua 1 duidelik toon dat die gebooie van Moses die goddelike wet vorm waaroor die regverdige volgens Psalm 1 peins. Psalm 1 het ’n hoogs belangrike funksie aangeneem as inleiding (*preface*) tot die psalms wat gelees, bestudeer en bepeins moet word. Die *Tora* van God is die lewende woord van God en word deur die geskrewe vorm bemiddel as heilige geskrif. Met hierdie geskrewe woord word Israel opgeroep om dag en nag te peins om die wil van God te vind. As opskrif vir die hele psalmbundel sluit die seën die getroue bepeinsing van die heilige skrifte wat volg, in. Die inleiding dui hierdie gebede aan as die medium waardeur Israel op die goddelike Woord antwoord. Aangesien Israel voortdurend God se Woord deur die stem van die psalmdigters se antwoord hoor, funksioneer hierdie gebede as die goddelike Woord self. Die oorspronklike kultiese rol van die psalms is onder die groter kategorie van die kanon ingeskuif – aldus Childs.

Kratz (1996:7-11) wys daarop dat daar nie in Psalm 1 of in die res van die psalms van “die wet van Moses” gepraat word nie, maar wel van “die wet van die Here”. Daarom sien Kratz die wet tereg wyer as net die 10 gebooie of Pentateug – ook die vroeëre en latere profete is ingesluit. ’n Mens kan dus sê dat *Tora* hier ook die wye betekenis van Woord van die Here het (soos in die 1983- Afrikaanse Bybelvertaling). Die psalmbundel neem dus nie hier die eintlike plek van die *Tora* in nie.

Die plasing van die *Tora* voorop beklemtoon die psalms as bron van onderrig/lering, eerder as van kultus of gebed (vgl. McCann, 1992:120). Hiermee stem Kratz (1996:3) se bevinding dat die psalmbundel nie die “gesangboek van die na-ballingskapse tyd” is nie, ooreen. Ook Zenger (2000:430-435) oordeel dat die psalms nie ’n kultiese liedereboek is nie, maar ’n leerboek en tegelykertyd ’n instrument vir die heiliging van die alledaagse lewe – ook die lewe buite die tempel en die sinagoge. Die psalms is self die heiligdom waarin God gesoek en geloof word en waarvandaan God se seën en redding uitgaan. Die tempel en tempelkultus word nie vervang nie, maar dit gaan om die ontmoeting met God, wat ook in en vanuit Jerusalem se tempel werk. God is Koning van Israel en van die hele wêreld.

Saam met Brueggemann (1993:31) moet die woord of begrip *kulties* veel wyer verstaan word as wat Mowinckel dit verstaan. Brueggemann sê kulties is “the matrix of symbolism by which the community continuously reasserts its identity and reconstructs its

life". In hierdie sin is alle psalms kulties, volgens Brueggemann. Hulle is die tekens van 'n noodsaaklike historiese regstelling van Israel se lewe in die Persiese of Hellenistiese omgewing. Tog was daar nie 'n algehele breuk nie, maar kontinuïteit.

Whybray (1996:121-122) oordeel dat Brueggemann die mees begronde benadering tot die eenheid van die psalms het en van 'n wyer perspektief as die ander benaderings uitgaan. Volgens Brueggemann is die boek 'n enkele, hoewel genuanseerde, voortgang van een gemoedstemming na 'n ander – met ander woorde 'n volgehoue teologiese progressie. Psalm 1 en 150 is die twee pole van die beweging: "van gehoorsaamheid na lofprysing", "van plig na genieting" (*delight*), "van pyn na vreugde" (*joy*), "van dood na lewe". Die sentraal geplaasde Psalm 73, met sy bevestiging van vertroue in God wat uiteindelik twyfel, lyding en skuld oorwin, word deur Brueggemann beskou as die wendingspunt: dit dui 'n fundamentele verandering van gemoedstemming aan. Die psalms is dus "omraam (*bounded*) deur gehoorsaamheid en lofprysing" en is so georden dat dit die leser stap vir stap lei deur die krisis van die *hesed* van wat hulle beleef het – dit was toe hulle met hulle verskillende teleurstellings en beproewings tot by 'n vaste konklusie geworstel het. Wanneer die psalmbundel simbolies geïnterpreteer word, vertoon dit ondanks sy groot verskeidenheid, 'n fundamenteel samehangende boodskap wat die behoeftes van die gelowige leser gedien het.

Daar is volgens Whybray (1996:123) se ondersoek slegs enkele aanduidings van *redaksionele* pogings om die psalms se oorspronklike betekenis te wysig of te herinterpreteer aangaande hulle positiewe instelling teenoor die kultus. Dieselfde geld hulle instelling oor 'n eskatologiese en messiaanse herinterpretasie, om die verlies van die monargie te bowe te kom.

Anders as Brueggemann wil Wilson (1992:133-136; vgl. ook Wilson, 1986) nie Psalm 73 as die eintlike sentrale Psalm sien nie, maar wel Psalm 89. Wilson wys op die plasing van die koningspsalms aan die "some", of oorgange tussen die psalmgroeperings: Psalm 2; 72; 89, 144 (Ps 145 word deur Wilson as die eintlike begin van die slot van die psalmbundel beskou). Psalm 89 wys op die mislukking van die menslike koningskap en bring 'n nuwe uitsig vir die ballingskapse en/of na-ballingskapse lesers. Hulle was prakties koningloos en hulle aandag word nou gefokus op die koningskap of koninkryk van God, wat veral in die psalms oor die koningskap van God besing word (Ps 93; 95-99). Hoewel gehoorsaamheid aan die *Tora* 'n rol speel, sê Wilson verder, lê die klem nie daarop nie (soos

Brueggemann meen nie), maar op die aanmoediging van ’n gesindheid van voortdurende vreugde in en bepeinsing van die *Tora*. Die *Tora* word gesien as gids na die lewe en nie na die dood nie. Wilson wys daarop dat die leser nêrens opgeroep word om die *Tora* te “onderhou, te volg, of te gehoorsaam” nie, maar slegs om daarin vreugde te vind.

Hierdie stelling van Wilson dui slegs daarop dat ’n gedwonge of onpersoonlike gehoorsaamheid uitgesluit word en dat *Tora* hier ’n uitnodigende karakter het, soos deur Lombaard (1999:511) aangetoon. Lombaard beskou Psalm 1 as ’n vrug van die *Tora*-teologie van die derde eeu v.C. Hy sê die psalm adem die gees van die wysheidsliteratuur en is in wese ’n geskrif met ’n oorredende doel. Daar word in dié psalm beelde en digterlike tegnieke gebruik wat ’n uitnodigende, eerder as dwingende, aard het. Die ontvangers word uitgenooi om hulle aandag by die teks te bepaal. Hulle word nie gedwing nie, maar gelei om self ’n keuse te maak. Só moet ook die psalms wat volg, teologies verstaan word. (Vir die beoordeling van Ps 1 as ’n wysheidspsalm op grond van erkende kriteria, vgl. Burger, 1995:334-338.)

Die funksie van die *Tora* hang saam met die kerngedagte in Psalm 1 (en 2), naamlik om (aan ’n kring van mense of aan iemand) te behoort en te dien. Dit het weer ten nouste te doen met vyandskap en vyande.

## 3. Waarom dit in die verwysings na die vyand of vyandskap in die psalms gaan

Hierdie artikel handel net oor die teologiese aspek van *vyandskap* en dus nie oor byvoorbeeld algemene oorsake van vyandskap of aggressie nie – sien daarvoor werke soos Baron/Byrne (1997:393-402). Verder val ’n omvattende weergawe van die beskouings oor wie en wat die vyand of vyande in die psalms is, ook buite die bestek van hierdie artikel (vgl. daarvoor bv. Keating, 1982 en Hobbs & Jackson, 1991). Vir die doel van hierdie artikel kan op die volgende gewys word: die verwysing na die vyande in die psalms is gewoonlik figuurlik en hiperbolies (Hobbs & Jackson, 1991:21), algemeen, vaag, onbepaald en anoniem. Dikwels word metafore gebruik en nie presiese beskrywings van die vyand nie – slegs tekeninge om Jahwe tot ingryping te beweeg. Hiervoor word die verwysings na die vyande veral in stereotiperings gedoen.

Janowski (1995:160, 163, 164) sê dat die vyandpsalms die ongrypbare verskynsel van die bose duidelik maak deur (sub-

jektiewe) waarneming van die werklikheid. Die menslike vyande is eksponente van die vyandige bose, eerder as konkrete persone.

Volgens Zenger (1996:66, 71, 79) handel die geroep om hulp of wraak in die psalms nie oor kleiner of groter konflikte wat deur die wyse goedhartigheid (*generosity*) van die bidder of deur "liefde vir die naaste" opgelos sou kon word nie. Die psalmdigters roep na God as 'n God van reg en geregtigheid wat oorweeg, besluit en straf. Hy doen dit nie omdat Hy vreugde vind in straf nie, maar om die geskende orde van die wet te herstel en te beskerm. Dit gaan nie om 'n ongekontroleerde of geheime wraak nie, maar om 'n openbare ingryping deur 'n wettige, gekonstitueerde gesag. Die beroep en die vertroue van dié wat bid, berus in beginsel op die veronderstelling dat God persoonlik deur onreg geraak is en selfs daardeur in twyfel getrek word; Hy moet reg en geregtigheid bewerk "ter wille van sy Naam". Die digters laat alles aan God oor – selfs gevoelens van haat en aggressie.

Die vyand is in die psalms nie gedefinieer in sosiale terme, as die buitestaander of die vreemdeling in staatkundige sin nie. Vyand word gedefinieer in morele terme, as dié wat God se geregtigheid betwyfel of dit aktief ondermyn. Dit geld ook van dié wat so optree hoewel hulle deel van Israel is (Rogerson, 1993:293). Hierdie feit hang ten nouste saam met die teosentriese en monoteïstiese benadering van die psalms. Daar is nie meer as een wil wat bepalend is nie. Daarmee is siekte en lyding ook geontdemoniseer (Ruppert, 1986:132?).

Die verskillende stellings oor *vyande* en *vyandskap* wys daarop dat die eenheid van die psalms baie ter sake is om die verskillende uitsprake in die psalms nie in isolasie te beoordeel nie, maar binne hulle verhouding met die ander psalms.

'n Belangrike feit oor vyande en vyandskap is dat God Hom nie soseer in uiterlike en momentele magsuitinge betoon nie, maar deur sy optrede dwarsdeur die geskiedenis. Hierdie optrede gaan gepaard met beloftes en met die eis aan die gelowiges om in vertroue en in gehoorsaamheid uit hierdie beloftes te lewe. Die eis hou in dat daar in geregtigheid geleef moet word en dat daar aan die verbondsverhouding met die Here vasgehou moet word (vgl. ook Ridderbos, 1955:8). Hierdie verbondsverhouding is nie bloot juridies van aard nie, maar is innig en persoonlik. Juis hierdie verhouding word deur vyande en vyandskap bedreig (vgl. bv. Ps. 6; 13; 22; 42; 43; 73; 137). Die vyande en vyandskap het dus te doen met vervreemding, veral vervreemding van gemeenskapsverbonden-

heid. Vervreemding hou in om vervreemd te word van 'n mens se naaste, van God en van jouself – dit wil sê van dié aan en tot wie jy behoort.

Nog 'n belangrike kenmerk van *vyandskap* in die psalms is dat die psalmdigters (soos die Ou Testament in geheel) nie óm die probleem van vyandskap gaan nie, maar dwarsdeur die probleem. Verder vind die digters nie 'n oplossing in hulleself of in 'n benadering vanuit hulleself nie. Die oplossing moet teosentries gesoek word. Veral Psalm 73 stel hierdie feit baie duidelik: "totdat ek in die heiligdom van God ingegaan en besef het … U lei my met u raad" (v. 17, 24).

Hierdie gedagte bring die kwessie van vertroue ter sprake.

## 4. Die eis om vertroue en die eis en werking van die *Tora*

Die eis om op God te vertrou, kom dwarsdeur die Ou Testament voor. Hierdie oproep impliseer om aan God te behoort en ook om Hom te dien. Trouens, die hele Ou-Testamentiese verkondiging trek hierin saam. Die gebeurtenis van die uittog en van die tog deur die woestyn verkondig dieselfde, so ook die roeping van Abraham, die intog in die beloofde land (Jos. 1:7-9), die koningstyd (toe elkeen, anders as in die rigterstyd, nie maar gedoen het wat goed is in sy eie oë nie), die tyd van die ballingskap en die tyd ná die ballingskap. Die gebruik van die *verbondsformule* ("my volk – julle God") is hiervan 'n sprekende bewys (bv. Jes. 40:1-11; Esra 9).

Reeds in die tuin van Eden het dit gegaan om vertroue. Die mens moes op God vertrou deur die verbod/gebod of wet van die Here te gehoorsaam en nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie (Gen. 2-3). Die dodelike gevolge wat voortgevloei het uit die eet van die boom, was nie die resultaat van iets wat in die vrug van die boom geleë was nie, maar van die mens se gebrek aan vertroue (geloof) in God en die ongehoorsaamheid wat daaruit voortgevloei het.

In ooreenstemming hiermee laat Psalm 1 sien dat dít wat 'n mens vir die lewe opgewasse maak, nie iets is wat jy op 'n mistieke of misterieuse manier of op 'n magiese of meganiese manier kry, soos deur die vrugte van 'n boom te eet nie. Toegerustheid kom deur gehoorsaamheid aan die *Tora* van die Here, deur soos 'n boom te wees. Wat 'n mens opgewasse maak, is om volgens die wil van God op te tree. Daarvoor moet 'n mens jou vreugde in die *Tora* van die Here vind en dit dag en nag oordink. Die *Tora* moet één word met

jou lewe; jou lewe moet daardeur bepaal word. Sodoende leef jy nie deur jou eie kennis of mag nie, maar deur die krag van die *Tora,* wat in jou is en wat jou lewe sinvol, vrugbaar en voorspoedig maak. Dan is 'n mens soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Dan is jy voorspoedig in alles wat jy aanpak (Ps. 1:2-3).

Dit is nie in die navolging van 'n mens se eie wil wat 'n mens lewe vind, soos die goddeloses, sondaars en ligsinniges meen nie (v. 1). Laasgenoemde benadering loop uit op ondergang en verdwyning – soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word (v. 5, 6). Dit is wanneer 'n mens jou lewe deur die lewende woord van God laat bepaal dat jy die ware lewe kry (Ps. 19:8; 119:56, 57, 175). Psalm 1 se plek as inleiding tot die psalmbundel dui ook daarop. Die psalms word gekenmerk deur 'n spontane oopmaak van die hart voor God, selfs deur klaging en protestering oor die lot van die regverdige – veral sy lot weens die leed wat hy deur die vyande aangedoen word. Hoe kan die Here so iets toelaat? Hoe lank gaan dit nog gebeur? (vgl. byvoorbeeld Ps. 6:4; 13:2, 3; 94:3). Psalm 1 plaas alles egter binne die raamwerk van die *Tora* van die Here. Die wil van die Here is die allesbeheersende faktor.

Die voorspoed wat Psalm 1 beloof, hou nie in dat 'n mens op hierdie aarde in 'n soort paradystoestand sal lewe, soos dit dalk kan lyk as hierdie psalm bloot op homself bekyk word nie. Inteendeel, dit vereis dat 'n mens op die Here moet vertrou, selfs al is die omstandighede hóé moeilik. Die lewe is trouens vol goddeloses, sondaars en spotters (v. 1) en dus by implikasie vol vyandskap en stryd. Vertroue vereis dat 'n mens moet volhard. Die uitdrukking waarmee die regverdige in die psalms tot vertroue opgeroep word, is dikwels "om op die Here te *wag*" (vgl. byvoorbeeld Ps. 25:5, 21; 27:14; 31:25; 38:16; 40:2). Dit gaan vir die psalmdigters in die godsdiens ten diepste nie om die voorspoed en voordeel van die mens nie, maar daarom dat 'n mens jou moet neerlê by God se manier en tyd van doen. Een van die opvallendste kenmerke van die psalmdigters is dat hulle binne 'n situasie van ondraaglike aanvegting (Ps. 22:12-9; 27:13; 130:1) en die gevoel van verstotenheid en vertwyfeling (Ps. 43:2; 130:3), hulleself oproep tot vertroue in die Here (Ps. 27:14; 43:5; 130:4, 5).

Die psalms het aan die een kant 'n onwrikbare vertroue daarin dat God regeer en dat Hy die Regverdige is. Aan die ander kant het hulle 'n sin vir die harde werklikheid, dat die wêreld vol onreg is. Die harde werklikheid roep immers die vraag op of die blote bestaan van

armes, weduwees en vreemdelinge nie die stelling/geloof dat God in beheer is en regverdig is, loënstraf nie.

Die psalms laat sien dat die menslike bestaan op aarde met 'n paradoks te doen het. Die verloop van sake gaan dikwels 'n mens se begrip te bowe (Ps. 27:13; 43:1-5; 73:21-28; 77:8-15; 80:5, 13; 88:14, 15; 89:38, 39; ensovoorts) en bring in die menslike bestaan 'n spanning waarmee jy moet saamleef en wat voortdurende vrae en worsteling oproep. 'n Mens kry alleen rus deur voortdurend die Here self op te soek en in Hom en sy belofte jou rus te vind – nie in 'n geformuleerde, resepmatige en saakgeoriënteerde antwoord nie. 'n Mens moet 'n lewende omgang met sy Woord hê (Ps. 1:2). Hierdie Woordomgang impliseer 'n lewende omgang met die Here self, want die Here "ken" die weg van so iemand en neem hom onder sy sorg (Ps. 1:6).

'n Mens kry rus deur te aanvaar dat jy aan God behoort en deur daarom rus te vind in sy nabyheid. In Psalm 94:21-25 hoor ons:

> Hulle span saam teen die regverdige, hulle veroordeel onskuldige mense tot die dood. Maar vir my is die Here 'n veilige vesting, my God is die rots waar ek skuil. Hy sal hulle laat boet vir hulle dade, Hy sal hulle verdelg oor hulle boosheid. Die Here ons God sal hulle verdelg.

Die rus wat by God gevind word, kom aangrypend mooi uit in die digter se kinderlike oorgawe in Psalm 131 ("Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind"). Selfs wanneer die digter van die Here vervreem en verstote voel, is daar nog die wete by hom dat hy op die Here kan en moet vertrou, soos in Psalm 27 en 43.

## 5. Om te behoort en om te dien

Psalm 1 begin met die regverdige se keuse tot watter groepering mense hy (wil) behoort: nie dié van die goddeloses nie, maar by die regverdiges (1:5). Hy behoort tot hulle deurdat hy tot die *Tora* behoort. Hy gee homself oor aan die *Tora* deurdat hy dit dag en nag bepeins, sy lewe daardeur laat bepaal. Synde die *Tora* "van die Here" lei dit so 'n persoon en gee hom lewenskrag (soos 'n boom wat vrugte dra, v. 3) en word so iemand deur die Here onder sy sorg geneem (v. 6). Deur die *Tora*/wil van die Here voortdurend te oordink en dus te ken, kom die regverdige tot die ontdekking dat hy nie soseer die onderwerp is wat ken nie, maar die voorwerp wat geken word. Die Here "ken" sy pad, dit wil sê, lei hom op daardie pad en sorg vir hom op daardie pad (v. 6). Om só aan God te

behoort, gee onvernietigbare voorspoed (v. 3-4) en onverganklike vastigheid op ’n mens se lewenspad (v. 6).

Om te behoort is dus die beheersende saak waarom dit in die lewe gaan. Hierdie “behoort” word in Psalm 1 teosentries gesien. Dit gaan geheel en al om die wil van die Here. Die Here is egter nie ’n onpersoonlike God wat in ’n onpersoonlike verhouding met die mens staan sodat die mens se lot Hom koud laat nie. Inteendeel, tussen die Here en die mens – die regverdige mens – is daar ’n persoonlike verhouding: om te behoort. Dit hou in dat die Here vir die regverdige die beste in die oog het en dus vir hom ’n vrugbare en voorspoedige bestaan en ’n seker toekoms bewerk.

My konklusie is dus anders as dié van Botha (1991:394) wat meen dat Jahwe in Psalm 1 wel die weg van die regverdige ken, maar dat daar geen direkte interaksie tussen Jahwe en die regverdige is nie, behalwe deur die *Tora*. Die *Tora* neem volgens Botha in die na-ballingskapse tyd, waaruit Psalm 1 afkomstig sou wees, sekere funksies van Jahwe oor. God is in daardie tyd te verhewe geag om direk met mense te handel, met die gevolg dat die *Tora* ’n soort bemiddelaar tussen God en die mens geword het. Teenoor hierdie benadering moet Psalm 1 eerder verstaan word as uitdrukking van ’n persoonlike verhouding (vgl. Weiser, 1959:70-71), byvoorbeeld hoe Jahwe Jeremia ken (Jer. 1:5) en hoe Israel Hom sal ken in die verhouding van wedersydse liefde en trou (Jer. 31:31-34; vgl. Botterweck, 1982:508). “Pad” dui in Psalm 1 op die mens as regverdige se algehele oorgegewenheid aan Jahwe – oorgegewenheid met sy hele lewe, deurdat die *Tora* in hom werk. Jahwe se *ken* van die regverdige is ’n ken-in-liefde (Ridderbos, 1955:17). Volgens Kraus (1972:9) het die woord *ken* hier die betekenis van iemand aanneem, naby hom wees, vir hom sorg. Taylor (1955:22) sê hier word ’n simpatieke belangstelling in en ag gee op die leefwyse van die regverdige geïmpliseer, eerder as ’n bloot feitelike kennis daarvan.

Volgens Psalm 1 kan alleen hierdie teosentriese benadering ’n mens sinvol laat omgaan met die problematiek van lyding, vyandskap en onreg in die wêreld, waarmee so baie psalmdigters worstel. Alleen ’n daadwerklike keuse om tot die kring van God se woord/wil te behoort en jou ten volle aan hierdie wil oor te gee, kan sin gee aan ’n mens se bestaan en kan selfs onder die moeilikste en onverklaarbaarste omstandighede lei tot ’n positiewe gesindheid. Trouens, dan is ’n mens ook bereid om ten volle aan die Here diensbaar te wees. Psalm 1 gaan nie in op die problematiek wat daarmee saamhang nie, maar impliseer wel ’n bedreiging met die

verwysing na goddeloses, sondaars en spotters as bepaalde groepe.

Ook in die ander psalms word daar stewig vasgehou aan die gedagte om aan die Here te behoort. Bewyse hiervan is onder andere die sogenaamde verbondsformule ”My volk”, “julle God” en die besondere intieme manier waarop God soms aangespreek word, naamlik as “My God” of “My Here” (Ps. 3:8; 5:2; 7:2,4; 13:4; 22:2-3; ensovoorts). Dit is dus dieselfde gedagtelyn as by die profete en die uitdrukking in verband met die aartsvaders: “Ek is die God van Abraham/Isak/Jakob” (Eks. 3:6, 15-16).

Omdat die regverdige aan die Here behoort, kan hy hom ten volle in die Here se diens stel (Ps. 1), alles aan Hom oorlaat en sy stryd om die bose vyande te oorwin met vasberadenheid en vertroue stry (Ps. 2; vgl. ook Jos. 1:6-7).

Oor die verhouding tussen Psalm 1 en 2 is Childs (1979:516) van mening dat ’n mens die vraag of Psalm 2 as ’n formele gedeelte van die inleiding gesien is, miskien moet ooplaat. Tog, sê hy, wonder ’n mens waarom hierdie psalm so prominent geplaas is as dit nie bedoel was om die koningskap van God as ’n hooftema in die hele psalmbundel te beklemtoon nie (vgl. ook Whybray, 1996:89). Die mities-poëtiese verband (*setting*) van die ouere aannemingsformule in vers 7 (“Jy is my seun, vandag het Ek jou verwek”) is lankal reeds vergeet, sê hy (vgl. ook Prinsloo, 1984:37) en aan die psalm is ’n eskatologiese klank verleen deur sy plek in die psalmbundel en deur die toevoeging van ’n nuwe betekenis aan die ouer woordeskat, onder invloed van die profetiese boodskap (vgl. Jer. 23:5; Eseg. 34:23). Watter aardse koning, behalwe die Messias van God, sou in die gedagte opgekom het in die tyd van die finale redaksie, toe die koningskap as instelling lankal reeds vernietig was? (vgl. ook Murphy, 1993:18-19).

Miller (1986:87) wys daarop dat die inleiding tot die psalms oorloop na Psalm 2. Psalm 2 het geen opskrif om dit van Psalm 1 te onderskei nie en dieselfde reël, “dit gaan goed met” kom aan die einde voor, net soos by Psalm 1 aan die begin. Psalm 2 is nie gerig op die enkeling wat God se weg volg nie, maar op die wêreld van konings en koninkryke. Maar ook hierin gaan dit, net soos in Psalm 1, oor die soort bestaan of houding (*conduct*) wat goedkeuring en benyding opwek by dié wat dit waarneem. Daar word ge-oordeel dat dit met só iemand en só ’n weg goed gaan (dit is *blessed* – Ps. 2:12). Verder waarsku Psalm 2, net soos Psalm 1, teen ’n weg wat nie standhou nie. God se *ken* van die weg, wat in Psalm 1 deur

die Wet of onderrig van die Here aangedui word, word in Psalm 2 gebalanseer deur God se toorn teen hulle wat in opstand is teen God se heerskappy en doel.

Die Here seëvier teen die vyandskap van die aardse koninkryke. Psalm 2 sluit aan by die voorstelling van Israel se tydgenote oor die optrede van hulle gode: die Here "verwek" die koning as sy seun. Tog is wat die Here doen, wesenlik anders, Hy verwek nie die koning werklik sodat die koning 'n soort godmenslike herkoms het nie. So 'n beskouing gaan teen die gees van die hele Ou Testament in. Die uitdrukking is in Psalm 2 oordragtelik bedoel en beteken dat die Here die koning as sy seun aanneem (vgl. Kraus, 1972:19). Dit impliseer dat die koning op 'n besondere manier aan die Here behoort. Israel word byvoorbeeld deur die Here sy eersgebore seun genoem (Eks. 4:22). In albei gevalle behels dit om deur die Here verkies te wees. Die Israeliete is 'n koninkryk van priesters (Eks. 19:5 ,6) en net soos Dawid deelhebbers aan die verbond (Eks. 2:24; 3:6, 10, 15; 6:2, 3; vgl. ook Jes. 55:3).

Dit is wat die verhouding tussen Psalm 1 en Psalm 2, as inleiding tot die psalmbundel, ook leer: Psalm 1 met sy toespitsing op die enkeling, Psalm 2 met sy toespitsing op Israel as kollektiwiteit. Psalm 1 se toespitsing op die enkeling sluit nie 'n kollektiewe betekenis heeltemal uit nie. In verskeie psalms waarin die digter as enkeling praat, slaan hy sonder enige moeite direk oor en praat hy as verteenwoordiger van die gemeenskap (Ps. 130; vgl. ook die klaagliedere van 'n enkeling wat eindig met 'n bede om verlossing van Israel uit sy moeilikhede, soos Ps. 14, 25, 51, 61, ensovoorts). Daar is genoeg aanduidings dat die psalms van die enkeling dikwels deur later geslagte aanbidders kollektief verstaan is (Childs, 1979:519-520).

Dat Israel aan die Here behoort, is 'n sentrale gedagte in sowel Israel se geskiedenis van op-pad-wees as in Israel se geskiedenis met die *Tora*, soos in die gebeurtenisse van die uittog uit Egipte en die wetgewing by Sinai. Psalm 1 sluit by albei hierdie aspekte aan. Hierdie behorenheid sluit ook diensbaarheid in van Israel se kant. Die behorenheid en die samehangende diensbaarheid is ingebed in die verbond, wat gered-wees impliseer: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het" (Eks. 20:2), "Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob" (Eks. 3:5; vgl ook v. 13,15,16). Israel is gered om diensbaar te wees in die koninkryk van God. Hulle moet 'n koninkryk van priesters wees (Eks. 19:5-6). God stel die eis om gehoorsaamheid en voeg 'n belofte van behorenheid daarby, maar

hierdie eis en belofte is ingebed in ’n situasie van reeds-verloswees. Israel is reeds “na My toe”, na die Here toe, gebring – hulle behoort reeds aan Hom (v. 4).

Dit gaan in Eksodus 19:5-6 dus nie om slaafse gehoorsaamheid nie, maar om lojaliteit: “Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vry gemaak”(Ps. 116:16; vgl. ook Ps. 119:54-56, 92-94, 140-144; vgl. verder Ps. 16:2, 5). Aangesien Israel die eersgebore seun van die Here is, kan ’n mens ook van kinderlike gehoorsaamheid praat (vgl. die gelowige as skaap in die kudde van die Here, as gas aan sy tafel en as kind in die huis van die Here in Ps. 23; 103:13). Die regverdige se dienaarskap of diensbaarheid aan die Here is ewe-eens in die psalms nie iets wat ’n mens verneder nie, maar iets wat ’n mens ophef. Die mens is beeld van God, heerser oor die hele aarde, al is hy maar ’n skepsel en so nietig, dat ’n mens slegs in stomme verwondering kan staan omdat die Here na hom omsien (Ps. 8; 103:14-17).

Psalm 1 se fokus op die *Tora* as beheersende faktor in die psalms en as vereiste vir Israel, impliseer dus gehoorsaamheid as onvoorwaardelike lojaliteit waarin ’n keuse vir die *Tora* gemaak word en dit ’n mens se lewensvreugde is (vgl. ook Ps. 119:47, 56, 70, 72, 77, 92, 97, 103, 111, 140, 143, 162, 167, 172, 174). ’n Psalmbundel met so ’n inleiding kán sy klimaks vind in lof.

Hier gaan dit om ’n behorenheid met ’n heeltemal ander lewensin en lewensbestemming as die lewensin van dié wat hulle nie aan God se wil steur nie – die godvyandiges. Hierdie behorenheid gaan egter ook veel dieper as wat menslike logika kan peil. Soos in die geskiedenis van die roeping van Abraham en die geskiedenis van die uittog uit Egipte, het hierdie behorenheid ’n dieper grond en ’n vaster en blywender betekenis. Daarom kan alles wat asemhaal, opgeroep word om die Here te prys (Ps. 150). Die lewelose skepping prys die Here, hoeveel te meer nie dié wat lewe, veral dié wat deur God die lewensasem ingeblaas is – God laat deur die Gees uit sy mond (Jes. 40:7; Ps. 33:6) die skepping/natuur lewe en sterwe. Hierdie Gees en die Woord gee lewe (Ps. 19:8); dit bewerk blydskap en gee beloning (Ps. 19:9, 12); dit laat die mens oor God se wonderlike werk en oor sy Woord dink en praat en Hom loof (Ps. 19:15; 150:6). Die lewende Woord, wat soos saad in/deur die mens tot vrug kom (Ps. 1:3), vind ’n klimaks in die lof aan God.

Hierdie lof word geuiter alhoewel die regverdige vreemdelingskap beleef – strydig met wat ’n mens sou verwag vir iemand wat aan God behoort.

## 6. Vreemdelingskap

Baie psalms getuig van die gevoel van eensaamheid en vreemdelingskap wat die digters beleef (vgl. byvoorbeeld Ps. 3-7). Psalm 1 (en 2) praat nie (uitdruklik) daarvan nie, maar skep wel die ruimte daarvoor. Goddeloses, sondaars en spotters veroorsaak ’n bedreiging vir ander, veral vir die regverdige – so klink dit voortdurend in die psalms. Psalm 2 praat van die stryd van die koning teen die konings wat vyandig is teenoor hom en die Here (v. 1-3). Dit is nodig om by die Here skuiling te soek (v. 12). Daar is ’n besliste teenstelling tussen die verskillende groepe mense, en daar moet ’n besliste keuse gemaak word téén een groep en vír ’n ander groep. Dit laat ’n mens volledig afsien van so ’n groep, die goddeloses, en dit word ook drie maal in Psalm 1:1 geëis. Hierdie groep moet dus glad nie beny word oor hulle (skynbaar) voorspoedige lewe waaroor baie psalmdigters ernstig worstel nie.

Dit is nie omdat die *Tora* hom daartoe verplig dat die regverdige afsien van die goddeloses nie, maar omdat hy sy blydskap in die *Tora* vind en hom heeltemal aan die *Tora* oorgee. Dit bring wel mee dat ’n mens moet afsien van ’n kring waarin daar nie met die wil van die Here gereken word nie, soos Abraham in verband met sy familie en omgewing moes doen toe hy geroep is (Gen. 12:1) en soos Israel by die uittog uit Egipte moes afsien van daardie land (Eks. 13:17). Die regverdige vertoon die “oerbeeld van eensaamheid”. Hy staan uiteindelik as enkeling voor God wanneer hy sy oorwegings en beslissings moet maak en wanneer hy daarby moet hou. Hy moet dikwels selfs teen sy eie kring se wil en wense ingaan (Ps. 11:1).

Soos alreeds beredeneer, is vyandskap in die psalms dít wat ’n mens in die weg staan om as regverdige te leef; wat jou van jou naaste, van God en van jouself vervreem (Ps. 3:2-4, 4:3-5; vgl. ook Coetzee, 1999:402 oor eer en skande in die psalms; 10:12-14; 13:2-4; 17:7; 18:17-25, 29-32; 47-50; 35:24-28; 42:4; 43:1-2; 73:13, 21-28). Werklike vyandskap wil ’n mens vervreem van die kring van die regverdiges, oor die hele spektrum van lewensverhoudinge (Ps. 38:12; 42:4; 25:16-21; 31:13,14); dit wil ’n mens vervreem van die Here se sorg, beskerming en trou (Ps. 5:9, 13; 6:5; 7:4-6; 10:17,18; 22:5, 9; 27:12-14) en daarvan om Hom met vreugde te loof (Ps. 6:6; 7:18; 9:15; 13:6; 22:23-27; 26:1-7, 12); dit wil ’n mens vervreem van jouself deur jou dag en nag met jou probleme in jou gedagtes besig te laat wees, vasgevang in pyn, armoede, hulpeloosheid en verstotenheid (Ps. 22:2, 3, 16; 55:3; 56:4).

Om die vervreemding op hierdie drie terreine te bowe te kom, moet ’n mens afstand doen van die kring wat nie met God se *Tora* reken nie. Dit impliseer nie ’n wettiese houding soos by die fariseërs in Jesus se tyd nie, maar ’n vreugde-vind in sy wil. Die oplossing vir vervreemding lê in behorenheid: behorenheid tot die *Tora* van die Here en dus behorenheid tot die Here self; behorenheid tot die kring van gelowiges/regverdiges – hulle wat, anders as die goddeloses, die oordeel van die Here met vrymoedigheid kan tegemoet gaan; en behorenheid aan jouself, deur dag en nag vreugde te vind in die Woord van die Here.

Die eensaamheid en vreemdelingskap waarvan hier sprake is kry dus ’n ander soort inhoud, naamlik om net op die Here se beskerming aangewese te wees en onder sy sorg geneem te wees (Ps. 39:13; 119:19). Kidd (1999:132) sê die selfaanduiding as *gerîm* bring Israel onder die direkte beskerming van Jahwe en stel hulle in staat om die hoop wat vroeër op die land gevestig is, na Jahwe te verplaas. Hierdie afhanklikheid van God het hulle die stukrag gegee om die onsekerhede en die gevoel van vreemdheid te oorkom – die vervreemding wat geskep is deur die besitname van hulle land deur buitelanders.

Vreemdelingskap, vreugde en lof is in die psalms ten nouste verbind. Die Here het die mens se voorspoed en heerskappy oor die aarde in die oog (Ps. 8). Die eintlike doel daarvan is dat die Here daardeur geloof word, soos duidelik gestel word aan die begin en einde van Psalm 8: “Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!” Hoewel Psalm 1 (en 2) nie eksplisiete lof aan die Here bevat nie, word die basis daarvoor gelê.

Die psalms het veral te doen met klaag en loof, en daar is in elk geval altyd ’n neiging tot lof, selfs in klaagpsalms. Lof is nie slegs ’n kwessie van regverdig wees in wat ’n mens dink nie, maar ook van regverdig leef. Lof is konkreet en prakties, ’n kwessie van doen en dit is persoonlik. Lof se teenpool is dien – dienaar wees met vreugde. Psalm 8 getuig hiervan. Hierdie psalm laat ’n geweldige spanning oor wie en wat die mens is, na vore kom. Die mens is nietig, tog is hy deur God ’n heerser oor alles gemaak.

Die regverdige wil lewe sodat hy God kan loof (Ps. 6:5-6; 30:2-5; 116:15-17). Die natuur se bestaan en voortgang is lof aan God. Daarin word God se goedheid en wysheid gesien (Ps. 19:2-7). Die mens se blote bestaan, ’n goeie bestaan, kan ook lof aan God wees. Daarom is die gebed om lewe wat ’n hele paar keer in Psalm 119 voorkom, seker meer as net ’n versoek om nie te sterf nie en om ’n

goeie, voorspoedige lewe te hê (vgl. v. 56, 57, 175). Siekte is 'n ingrype op die lewe, 'n greep wat die dood op die mens het (Barth). Die regverdige kom tot uitgesproke lof aan God, soos aangetoon word deur die tweede gedeelte van Psalm 19, as aanvulling op die eerste gedeelte oor die lof van die natuur. Die regverdige wil lewe om met die *Tora* van die Here te kan omgaan en daarvolgens te lewe. Dit behels om met die Here self om te gaan, soos ook duidelik na vore kom in Psalm 119. In elk van die 176 verse, behalwe die inleidende drie verse, spreek die digter die Here aan.

## 7. Samevatting en gevolgtrekking

Psalm 1 (en 2) is inderdaad 'n inleiding tot die hele psalmbundel – dit word bevestig in wat in hierdie inleidende psalms gesê word en wat daarin veronderstel word in aansluiting by die *Tora* van die Here en die gepaardgaande verbondsgeskiedenis. Hierin vind die hele psalmbundel sy eenheid.

Die uitkoms of oplossing vir die probleem van vyandskap en onreg word in nie een van die psalms in die mens self of in sy eie benadering gevind nie. Die uiteinde van die psalmdigters se worsteling is om alles in die hand van God te lê, ook die vyande en hulle lot. Die Woord se "antwoord" op die mens se soeke na 'n oplossing lê in God se mag én sy gemeenskap met die mens, met ander woorde daarin dat die regverdige mens aan God behoort.

Daar is geen rede om op goddeloses, sondaars en spotters jaloers te wees, asof dit met hulle beter gaan as met die regverdiges nie. Daar is, inteendeel, alle rede om die keuse te maak om deur vertroue 'n mens se vreugde te vind in die *Tora* van die Here. Die *Tora* van die Here laat jou die sinvolheid van die lewe van die regverdige ken. Hierdie kennis behels om onvervreembaar aan God en tot sy verbondskring te behoort. God sorg vir die gelowige, ondanks die aanvegting van die harde lewenswerklikheid wat alles dikwels anders kan laat lyk.

Dit loop soos 'n draad deur die psalms dat vertroue die basis vir 'n mens se lewe is. Psalm 1 (en 2) verkondig dieselfde. Deur sy keuse ontdek die regverdige homself as iemand wat deur die Here gekies is en dus aan Hom behoort. Die regverdige is die mens wat op die *Tora* van die Here vertrou. Niks in die mens se verhouding met die Here is outomaties of vanselfprekend nie. Niks bied rede om passief of staties te wees nie. Die verhouding veronderstel aksie en reaksie, veral reaksie in vertroue op hierdie verbondenheid of behorenheid, 'n reaksie wat tegelykertyd 'n vrug van hierdie verbondenheid is.

Die mens wat so ’n verhouding beoefen, het ’n pad met ’n toekoms en ’n bestemming en het die potensiaal om aan God lof toe te bring. Dit is selfs die geval wanneer so iemand vyandskap beleef. Hierdie vyandskap sluit lyding deur onreg en siekte in, asook die gevolge daarvan vir ’n mens se verhouding met jou naaste, met jouself en met God. Dit gaan immers nie om ’n mens self nie, maar om oorgawe aan die *Tora* van die Here – om aan Hom te behoort en aan Hom diensbaar te wees. So ’n verhouding kan nie anders as om op voorspoed uit te loop nie.

Die psalms se eenheid en hulle oplossing vir die probleem van vyandskap en onreg is dus, soos deur die inleidende Psalm 1 (en 2) aangedui, om nie deur die werklikheid van hierdie wêreld vol onreg ’n vervreemde mens te wees nie. ’n Mens moet vertrou dat jy deur die *Tora* van die Here aan Hom en tot sy verbondskring behoort en om Hom dus in vertroue en met vreugde, in volle oorgawe en onvoorwaardelik dien.

## Geraadpleegde bronne


BARON, R.A. & BYRNE, D. 1997. *Social Psychology*. Boston: Allyn & Bacon.

BOTHA, P.J. 1991. The junction of the two ways: the structure and theology of Psalm 1. *Old Testament Essays*, 4(3):381-396.

BOTTERWECK, G.J. 1982. *jada`.* (*In* Botterweck, G.J. & Ringgren, H, *Reds*. *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*. Stuttgart: Kohlhammer. Bd. 3. p. 486-512.)

BRUEGGEMANN, W. 1991. Rethinking church models through Scripture. *Theology Today,* 48(2):128-138, Jul.

BRUEGGEMANN, W. 1991a. Bounded by obedience and praise: the Psalms as canon. *Journal for the study of the Old Testament*, 50:63-92.

BRUEGGEMANN, W. 1993. Response to James L. Mays, “The question of context”. (*In* McCann, J.C, *ed*. *The shape and shaping of the Psalter.* Sheffied: Journal for the Study of the Old Testament. p. 29-41. Supplement.)

BURGER, J.A. 1995. Psalm 1 and wisdom. *Old Testament Essays*, 9(3):327-339.

CHILDS, B.S. 1979. *Introduction to the Old Testament as Scripture*. London: SCM.

COETZEE, J.H. 1999. Retoriese strategieë in Psalm 3: Interaksie tussen geïmpliseerde outeur, bidder en gehoor. *Old Testament Essays*, 12(3):401-415.

CRENSHAW, J.L. 2001. *The Psalms: An introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.

HOBBS, T.R. & JACKSON, P.K. 1991. The enemy in the Psalms. *Biblical Theology Bulletin*, 21:22-29, Spring.

HOLLADAY, W.L. 1993. *The Psalms through three thousand years: Prayerbook of a cloud of witnesses*. Minneapolis: Fortress.

JANOWSKI, B. 2003. Das Buch der unverfälschten Spiritualität: zum neuen Psalmenkommentar von F.-L. Hossfeldt und E. Zenger. *Biblische Zeitschrift*, 47(1):43-65.

KEATING, J.K. 1982. *"Enemy" in Israelite wisdom literature*. The Southern Baptist Theological Seminary. Ann Arbor: University Microfilms International.

KIDD, J.E.R. 1999. *Alterity and identity in Israel: The gr in the Old Testament*. Berlin: De Gruyter. (Beihefte zur Zeitschrift für Alttestamentliche Wissenschaft, 283.)

KRATZ, R.G. 1996. Die Tora Davids. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 93:1-34.

KRAUS, H-J. 1972. *Psalmen*. Bd.1. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar Altes Testament, 15/1.)

LIEDKE, G. & PETERSEN, C. 1976. *Tora*. (*In* Jenni, E. & Westermann, C, *Reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. München: Kaiser. p. 1032-1043.)

LOMBAARD, C.J.S. 1999. By implication: Didactical strategy in Psalm 1. *Old Testament Essays*, 12(3):506-514.

LORETZ, O. 2002. *Psalmstudien: Kolometrie, Strophik und Theologie ausgewählter Psalmen*. Berlin: De Gruyter. (Beihefte zur Zeitschrift für Alttestamentliche Wissenschaft, 309.)

MAYS, J.L. 1987. The place of the Torah-Psalms in the Psalter. *Journal of Biblical Literature*, 106(1):3-12.

MAYS, J.L. 1993. The question of context in Psalm interpretation. (*In* McCann, J.C., *ed.* The shape and shaping of the Psalter. Sheffield: JSOT. *Journal for the Study of the Old Testament*, 159:14-19.)

McCANN, J.C. 1992. The Psalms as instruction. *Interpretation*, 46:117-128.

MILLER, P.D. 1986. *Interpreting the Psalms*. Philadelphia: Fortress.

MILLER, P.D. 1993. The beginning of the Psalter. (*In* McCann, J.C., *ed.* The shape and shaping of the Psalter. Sheffield: JSOT Press. *Journal for the study of the Old Testament*, 159:83-92.)

MURPHY, R.E. 1993. *The Psalms are yours*. New York: Paulist Press.

MURPHY, R.E. 1993a. Reflections on contextual interpretation of the Psalms. (*In* McCann, J.C., *ed.* The shape and shaping of the Psalter. Sheffield: JSOT. *Journal for the study of the Old Testament*, 159:21-28.)

PRINSLOO, W.S. 1984. *Van kateder tot kansel: 'n eksegetiese verkenning van enkele Psalms*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

REINDL, J. 1981. Weisheitliche Bearbeitung von Psalmen: Ein Beitrag zum Verständnis der Sammlung des Psalters. (*In* Emerton, J.A., *Red.* Congress Volume, Vienna. Leiden: Brill. p.333-356. Supplements to *Vetus Testamentum*, 32.)

RIDDERBOS, J. 1955. *De Psalmen*. 1: Psalmen 1-41. Kampen: Kok. (Commentaar op het Oude Tstament.)

ROGERSON, J.W. 1993. The enemy in the Old Testament. (*In* Auld, A.G., *ed*. *Understanding poets and prophets*. Essays in honour of George Wishart Anderson. Sheffield: Journal for the Study of the Old Testament. Supplement Series, 157:284-293.)

RUPPERT, L. 1986. Klagelieder in Israel und Babylonien – verschiedene Deutungen der Gewalt. (*In* Rahner, K. & Schlier, H., *Reds*. *Gewalt und Gewaltlosigheit im Alten Testament*. p. 11-158. (Questiones Disputatae.))

SEYBOLD, K. 1998. *Studien zur Psalmenauslegung*. Stuttgart: Kohlhammer.

STYGER, P. & HUMAN, D.J. 2004. ’n Moontlike interpretasie van Psalm 40: Gerald H. Wilson se navorsing oor die samehang van die Psalmbundel. *In die Skriflig*, 38(2):291-310.

TAYLOR, W.R. 1955. *The book of Psalms*. New York: Abingdon. (The Interpreter’s Bible, 4.)

WEISER, A. 1959. *Die Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Alte Testament Deutsch, 14/15.)

WHYBRAY, N. 1996. *Reading the Psalms as a book*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (*Journal for the Study of the Old Testament Supplement Series*, 222.)

WILSON, G.H. 1986. The use of the royal Psalms at the “seams” of the Hebrew Psalter. *Journal for the Study of the Old Testament,* 35:85-94.

WILSON, G.H. 1992. The shape of the Psalms. *Interpretation*, 46:129-142.

WILSON, G.H. 1993. Understanding the purposeful arrangement of Psalms. (*In* McCann, J.C., *ed.* The shape and shaping of the Psalter. Sheffield: JSOT. *Journal for the study of the Old Testament*, 159:42-51.)

ZENGER, E. 1996. *A God of vengeance? Understanding the Psalms of divine wrath*. Louisville: John Knox.

ZENGER, E. 2000. Psalmenforschung nach Hermann Gunkel und Sigmund Mowinckel. (*In* Lemaire, A. & Saebo, M., *eds*. *Congress Volume, Oslo 1998*. Brill: Leiden. p. 399-435.) (Supplements to *Vetus Testamentum*, 80.)

**Kernbegrippe:**

geïntegreerdheid van die psalms
psalms
Psalm 1 (en 2)

**Key concepts:**

integrality of the psalms
psalms
Psalms 1 (and 2)